

# Die Ligstraal



Nommer 4

9 Desember  
2011

## Binne:

Uit die kantoor	1
GLB-Forum	3
VELDSKOO	4
Wat sê die woordeboek?	10
<i>Grow your life</i>	11
Kerswense	12

## Uit die kantoor

Daar is amper geen skool meer vandag wat sonder 'n missie en visie funksioneer nie. Dit is egter baie makliker om so iets op te stel as om seker te maak dat dit wel in die dag tot dag program funksioneer.

Skole gee vorm aan konsepte en idees. Hulle vorm gesindhede, waardes en vaardighede. Hulle leer van die verlede, let op die hede en dink saam oor die moontlikhede van die toekoms, beide op persoonlike vlak, maar ook vir die gemeenskap. Skole gebruik basiese oortuigings om die oorkoepelende onderwyskundige rigting aan te toon. Onderwysers se siening oor mense en die doel en betekenis van die lewe beïnvloed hoe hulle skakel met mense en wat en hoe hulle kies om te onderrig.

Onderwys is altyd godsdienstig in die sin dat dit nie anders kan as om gebaseer te wees op een of ander geloofsoortuiging of ideaal nie.

Hierdie basiese oortuigings vind ons ook in enige staatskool se missie en visie. Dit sluit in dat ons gemeenskap die diversiteit binne ons land moet aanvaar en nie moet streef daarna dat ons almal dieselfde moet wees nie. Skole moet ook leerlinge in die eerste plek voorberei om hul plek in die samelewing en maatskappy te kan volstaan. Alhoewel al hierdie dinge waardige doele nastreef, bly dit egter maar beperk.

## Voorbeeld:

Ons skool wil studente help om die nodige kennis, vaardighede en gesindhede aan te kweek wat nodig is om optimaal te funksioneer binne 'n diverse kultuurgemeenskap, sodat hulle gerespekteerde en selfversorgende burgers kan wees wat 'n bydrae kan lewer tot 'n volhoubare ekonomie.

'n Christelike missie en visie spreek tog van soveel meer.

Ons skool wil 'n lerende samelewing wees wat sy leerders stimuleer en aanmoedig om volgelinge van Jesus Christus te word of te wees en die gawes en hulpbronne wat beskikbaar is verantwoordelik en kreatief aan te wend in diens van God se koninkryk en ons naaste.

---

ʼn Belangrike tema wat sentraal staan in die onderwysing van Jesus Christus en die basis moet vorm van die missie van ʼn Christelike skool is die koninkryk van God.

Die visie oor die koninkryk van God wys Christene nie net na die verlossing van God se kinders nie, maar ook die verwesenliking van God se intensies en beloftes vir sy hele skepping en vir sy kinders. Die koninkryk van God is die teken van God se bevryding of herskepping. Die hele lewe en omstandighede moet deur God se genade en krag verander word.

Die vervulling van hierdie koninkryk van God het begin met die dood en opstanding van Jesus Christus. Die finale betekenis sal by die terugkeer van Christus geopenbaar word. Die groot geskenk van God is dat die saad van die koninkryk, ten spyte van ons tekortkomings en sonde, reeds teenwoordig is. Christelike skole mag daarom nou al kinders uitdaag en voorberei om burgers van hierdie koninkryk te wees. Aan die een kant weet ons dat Christus reeds hierdie koninkryk gevestig het en aan die anderkant weet ons ook dat dit in hierdie lewe nooit sy volmaakte vervulling sal vind nie.

Om kinders te help om burgers van hierdie koninkryk te wees, het verskeie implikasies vir die onderwys:

- Alhoewel skole ʼn baie groot verantwoordelikheid het rondom die onderrig van die kinders, moet ʼn Christelike skool se instruksies wel God se oproep tot berou, bekering en gehoorsaamheid duidelik laat hoor. Ons toegewydheid hierin affekteer immers ons hele lewe.
- Burgers van God se koninkryk is nie individuele navolgers van Christus nie, maar ook lede van die liggaam van Christus. God roep ons op om ons gawes en talente in diens van die hele liggaam te stel. Christelike skole moet die oefenterrein wees waar kinders leer om dit waar te maak.
- Burgers van God se koninkryk het ook ʼn mandaat gekry:
- "Gaan dan heen en maak dissipels van al die nasies; ... ; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het." Matt. 28: 19
- Christelike onderwysers moet Christus se onderwysings bestudeer en verstaan sodat hulle dit in die skool kan toepas. Hulle moet die studente aanmoedig om gehoor te gee aan hul roeping as kinders van God.
- Burgers van God se koninkryk lewe die vrugte van liefde, diens en waarheid uit. Die skool se onderwysprogram moet kinders geleenthede bied waarin hulle hul geloof in die praktyk kan toepas.
- Die Christelike skool moet ʼn bewys wees van God se koninkryk in hierdie wêreld. ʼn Skool moet deur sy bestaan in die sekulêre wêreld deur sy leerplanne die komende koninkryk van God aktief bevorder. Dit moet in die gemeenskap ʼn monument wees van die feit dat Christus ons hele lewe beheer en opeis. Ook ons onderwys.

Ons Christelike skool met sy Christelike onderwysers is nie naastenby volmaak nie. Inteendeel, die sonde beïnvloed ons almal se lewe in `n meerdere of mindere mate. Dit is ook waar vir alle instansies wat God se beloftes aangryp en die komende koninkryk van God verkondig. Tog wil God in sondige Christelike onderwysers werk "om te wil sowel as om te werk na sy welbehae" sodat ons mag "skyn soos ligte in die wêreld, omdat ons die woord van die lewe vashou" Fil. 2: 13, 15,16

Mnr. H.H. van der Linden

## GLB -Forum

Die GLB - Forum staan nog in sy kinderskoene, maar die vereniging het hom hierdie jaar goed van sy taak gekwyt. Die Forum het die plek ingeneem van die OOV en ons het interessante leesstof deur die jaar vir die ouers van die skool beskikbaar gestel. Elke kwartaal het ons een of meer goeie sprekers gehad wat kenners op hulle gebied is.

Ons het inligtingsaande gehad oor die "Motoriese ontwikkeling van jong kinders", "Outisme en Aspergus", "My kind en sy selfbeeld" en ons laaste gesprek het gehandel oor "Algemene veiligheid van kinders in die alledaagse omgewing waarin hulle lewe".

Ons het ook `n hele paar sinvolle onderwerpe vir volgende jaar. Ons skop die jaar af deur vroeg in Februarie `n Forum-vergadering te hê wat sal handel oor "Gesonde eetgewoontes en my kind se kosblik".

Dan is lees `n baie belangrike onderwerp en die tweede Forum-vergadering in die eerste kwartaal sal handel oor lees en moontlike lees-ondersteuningsmetodes.

Die komitee wat die sprekers reël doen baie moeite om goeie sprekers en onderwerpe te kry. Ons wil ouers en belangstellendes regtig aanmoedig om die vergaderings by te woon. Dankie ook aan die ouers en belangstellendes wat getrou die vergaderings van 2011 bygewoon het.

Ons wens almal `n geseënde feestyd toe!

*The larger the island of knowledge the longer the shoreline of wonder!*  
*Ralph W. Stockman*

Henriëtte v.d. Linden, Elsbeth v.d. Linden, Dirmü Gouws en Petra Botha

Gaan loer gerus by die kennisgewingbord in die kerk se voorportaal vir die nuutste GLB-nuus en foto's!

## *Graad 6 en 7 was veldskool toe...*



# Witkruisarende en die Sederboom

Die klein kolletjie op die groot berg, het baie beteken vir die staproete van vandag. Dit was 'n Witkruisarendnes. Nadat ons 'n skuifievertoning gekyk het, het ons na die nes gestap. Die kinders met verkykers kon maklik die groot nes aanskou. Al wat te sien was, was takke, maar ons het wel geweet dat dit verseker 'n Witkruisarendnes was. En natuurlik het ons 2 Witkruisarende gesien. Hulle het hoog bo ons koppe gevlieg. Daarna het ons met 'n beboste kloof opgestap, tot ons by 'n mooi en groot Sederboom gekom het. Daar het ons 'n bietjie gerus terwyl tannie Elizabeth iets van die Sederboom vertel. Toe stap ons hoër in die kloof op en het bietjie gerus voor ons die pad afgestap het. Daar het sommige kinders dit gedurf om in die yskoue water te swem. Ons het 'n paar happe gehad van ons broodjies en lekker-goed geëet en toe weer afgestap. Van ons het nat onder aangekom. Maar tog sal meeste van ons hierdie aanskouing van Witkruisarende, hul nes en die ou Sederboom nooit vergeet nie!  
Deur Carolien Meijering Gr.7

# Fossiele

Ons het op die veldskool vir fossiele gesoek by die Karoo-kant van die Sederberge, baie mense het wurms gekry (ek ook) en skulpe en sommige kinders was so gelukkig om 'n "Trilobite" te kry (nie volledig nie). Oom Matthew het al die fossiele versamel en vir die wurms name gegee: Matilda (die wenner van die beste wurm), Pietie, Klaas, Emma en Errol, hulle was die wurmfamilie. Ons het nie net na fossiele gekyk nie, maar ook na verskillende Fynbos, soos die Kappokbossie (die saad lyk soos sneeu). Ongelukkig mog ons nie die fossiele hou nie en ons moes afskeid neem van die wurmfamilie...  
Ges kryf deur : Monika Pienaar.



# Spore en skedels

Ons het vroeg opgestaan en is in twee groepe opgedeel. Die een groep, (bestaande uit groep



een en twee) het by die kampplek gebly vir studie oor skedels; en vir spore het die ander groep, (bestaande uit groep drie en vier), op 'n ver staptog gegaan om 'n kamera se batterye om te ruil. Die groep wat by die kamp gebly het, het ook prente met houtskool geteken. Dit was baie lekker! Na 'n rustyd van drie en 'n halwe uur is die twee aktiwiteite omgeruil. Dit was kokend warm, maar leersaam!

Geskryf deur Maricia v.d. Linden en Mariska de Wit

## Die "Oog" vir 'n Spoor

Op 'n bloedige warm middag staar ons na die pad wat ons moet opstap. Met 'n hamer, stok, draad en ons kamera begin ons die staptog. Na 15 min se stap vind ons die eerste teken van lewe.... Rocky die rooikat se spoor. Met harte wat borrel van vreugde en skoene vol moed stap ons verder. Bo gekom, plant ons ons kamera. Intussen durf twee dapper manne, oom Henk en Hanno van Renssen, die wilde woestery aan en spoor vir Rocky met die antenne op. Ons is baie trots op ons kamera, maar dis nog nie die einde nie.... Om die kamera te laat werk, moet ons eers elke bewegende bossie met moeite uittrek. Daarna moes die kamera getoets word. Met 'n gesukkel het ons ons doelwit bereik. Die kamera is ingestel en met dapper en stapper stap ons terug bus toe.


Deur Leandrè v.d Vinne en Henriëtte Klapwijk





# Die boesmanstekeninge en die Stadsaal grotte

Toe ons daar aangekom het, het ons na die boesmantekeninge gegaan. Daar was tekeninge van olifante wat voor 'n klompie mense staan. Die eerste tekeninge waarna ons gekyk het, was die helderste. Daarna het ons die Stadsaalgrotte gaan verken. Dit was baie mooi. Ons moeg op ons eie gaan rondloop. Ons het baie mooi grotte en ander tekeninge gesien. Die uitsig was pragtig. Dit was een van die lekkerste dae van die veldskool. Almal het dit verskriklik baie geniet.





# Skerpioene en Sterre

Hier blink iets in die gras. Dit moet 'n skerpioen wees. Toe oom Quintin die skerpioen uit die bos vat, is dit nogals groot. Die laaste aand, Donderdagaand, het ons gaan skerpioene soek. Die spesiale lig van oom Quintin het dit eintlik baie lekker en maklik gemaak. As die Ultra Violet Lig oor die skerpioen skyn het dit ge"glow in the dark." Ons het vier skerpioene



in total gevind. Drie van dieselfde soort en een kleintjie. Na dit het almal vas besluit ons gaan nie regtig met so baie gemak lantern-bekruip speel nie.




Die Dinsdagaand het ons sterre gedoen. Daarvoor het ons 'n ent in die veld in geloop. Die "onderwyser", oom Matthew, het vir ons die boogskutter gewys. Daardie aand het ons lekker vroeg gaan slaap, want die volgende dag was die Wolfberg-skeure-stap aan die beurt. Deur Erika en Monika graad 7



# Die Wolfbergskeure



Dit was een van die hoogtepunte waarna ons uitgesien het. 'n Kwartaal voor die tyd het meneer ons almal vol stres gepraat. Ons het die aand voor die tyd vroeg gaan slaap, omdat ons die volgende dag onself "dood gaan stap." Terwyl ons op pad was het almal se monde oopgehang. Die pad het heen en weer gedraai en was baie steil. Ons het baie keer gestop om te rus en te eet. Ons het bo uit gekom en almal het dit gelukkig tot bo gemaak. Toe almal bo was het ons 'n sirkel roete gestap, wat almal geniet het en waarvan ons nou nog droom. Dit was vol gevaarlike en interessante paadjies. Ons het deur klomp donker




skeure gestap. Ons moes by plekke 2m loodreg opklim of onder klippe deur kruip. Oom Matthew het saam met ons gestap en ons gehelp as ons nie verder weet nie. Hy was 'n baie gewilde persoon onder ons. Toe ons onder kom was ons almal uitgeput, maar baie opgewonde. Ek is seker dat enige van ons dit weer sal stap. Geskryf deur : Johan v. Renssen , Robert Aartsma , Hanno v. Renssen



# Maalgate en Grasslang:

Na die uitputtende daguitstappie na die Wolfbergskeure, het ons by die maalgate geswem. Dit was vreeslik warm. Die kinders het dit baie geniet en amper almal het geswem! Terwyl ons besig was om ons rug-sakkies neer te sit, het een van die kinders hulle flou geskrik toe 'n slang uit die rotse verskyn. Oom Matthew het ons vertel dat dit 'n grasslang was. Hy het dit opgetel en veilig in die bosse neergelê. Meneer het die pragtigste foto's geneem. Daar was baie ander insekte ook gewees. Dit was definitief 'n besondere dag en iets wat ons almal weer sal doen!



Deur Carla Gouws, graad 7



# Lantern bekruip



Ons het Maandag-, Woensdag- en Donderdagnag lantern bekruip gespeel. Die doel van die speletjie is om die lantern te bekruip en hom te raak. 'n Paar mense pas die lantern op en skyn met flitse rondom hulle. As hulle jou raaksien moet jy oor begin. Dit was baie donker en ons moes deur bosse en deur sand kruip. Ons het vir +/- 2 ure elke keer gespeel. Dit was baie lekker en ons het dit geniet. Party kinders het in die pad opgeklomp. Ons het teen die sandwalle opgeklomp. Min kinders het die lantern geraak.

Marianne van Renssen, gr.6



## Gr. 6 en 7 het die volgende uit die woordeboek geleer:

- A small boy is a chappie (tjokkertjie). A riff-raff is a skorriemorrie in Afrikaans.
- In Engels is 'n bollemakiesie "topsy-turvy".
- Klaas Vakie of die Sandmannetjie se naam in Engels is Willie Winkie.
- Al gewonder wat 'n "beautyspot" in Afrikaans is? 'n Pronkpleistertjie!  
Of wat is 'n "backyard mechanic" in Afrikaans? 'n Tjorlapper!
- Wat is 'n goeie Afrikaanse woord vir "nerd"? Wat van melkpensie, vaaljan of bleeksiel!



## *Grow your life* – kompetisie: Graad 4 en 5

Almal, juffrou ingesluit, was maar 'n bietjie benoud toe Meneer sê ons moet klas toe gaan, want hy wil met ons praat. "Het ons iets verkeerd gedoen?", kon jy onderlangs `n paar kinders hoor vra.

Die volgende oomblik het het Meneer gesê dat ons een van die wenners van die "Grow your life" – kompetisie was. Die hele skool het sommer gou daarvan geweet, want die klas het so hard geskree!

Die kompetisie word deur Pick-n-Pay geborg. Deur die kompetisie wil hulle kinders leer om verantwoordelik te wees vir die natuur en ook aspekte soos ekonomiese waardes en bediening van jou gemeenskap .


Ons graad 4 en 5's het al die afgelope paar jaar die tuin waarin ons groente plant en dan die oes verkoop. Hierdie jaar het ons ook aartappels geplant, wat ons vir oom Sam, die tuinman, gegee het.

Nou wonder baie mense seker wat ons met die R3000 prysgeld gaan doen? Ons gaan die besproeiing verbeter en `n tydtoestel installeer sodat die plante bly lewe gedurende vakansies. Ons wil ook graag elke kind se tuintjie beter afskort, sodat ons in die toekoms dalk interessanter groente kan plant.

Baie dankie aan al die ouers, wat saam met hulle kinders, opgewonde is oor die tuintjies en wat ook getrou kompos en sade skool toe stuur. Enige skenkings van sade, giet-ers of tuintoerusting is welkom!  
Groenvinger - groet!  
Henriëtte v.d. Linden



Iets vir die kleintjies:  
Kleur hierdie prent lekker  
vrolik in!



**Die leerders en personeel van die Gereformeerde Laerskool  
Bellville wens u 'n geseënde Kersfees en 'n voorspoedige**